THE PROVINCE OF PWV
DIE PROVINSIE PWV

# Provincial Gazette Extraordinary
# Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price: **R1,50** ◇ Other countries: **R1,95**
Verkoopprys: **R1,50** ◇ Buitelands: **R1,95**

**Vol. 237** PRETORIA, 15 DECEMBER / DESEMBER 1994 **No. 5073**

## PROCLAMATION · PROKLAMASIE

### PROCLAMATION

**No. 46 (Premier's), 1994**

LOCAL GOVERNMENT TRANSITION ACT, 1993
(ACT No. 209 OF 1993)

**TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL OF BOKSBURG**

Under section 10 of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), I hereby, with the concurrence of the Provincial Committee, make the enactments in the Schedule.

Given under my Hand at Johannesburg this Fourteenth day of December, One thousand Nine hundred and Ninety-four.

**T. M. G. SEXWALE,**
Premier-in-Executive Council.

### PROKLAMASIE

**No. 46 (Premiers-), 1994**

OORGANGSWET OP PLAASLIKE REGERING, 1993
(WET No. 209 VAN 1993)

**PLAASLIKE OORGANGSRAAD VAN BOKSBURG**

Kragtens artikel 10 van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vaardig ek hierby, met die instemming van die Provinsiale Komitee, die maatreëls in die Bylae uit.

Gegee onder my Hand te Johannesburg, op hede die Veertiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd Vier-en-negentig.

**T. M. G. SEXWALE,**
Premier-in-Uitvoerende Raad.

## SCHEDULE

### Establishment of Transitional Local Council

**1.** A transitional local council, hereunder called the Transitional Local Council of Boksburg, is hereby established as contemplated in section 7 (1) (b) (i) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), with effect from the date upon which this Proclamation shall come into operation (hereunder called the effective date), comprising the City Council of Boksburg, the City Council of Vosloorus and the Management Committee of Reiger Park, which Transitional Local Council of Boksburg shall be deemed to be a local authority in terms of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939).

### Dissolution of local government bodies

**2.** The City Councils of Boksburg and Vosloorus and the Management Committee of Reiger Park are hereby dissolved on the effective date.

### Area of Transitional Local Council of Boksburg

**3.** The area of the Transitional Local Council of Boksburg comprises the existing area of jurisdiction of the dissolved City Council of Boksburg as defined in Proclamation No. 43 of 2 October 1903, as amended or extended, the area of the dissolved City Council of Vosloorus as defined in Administrator's Notice No. 1599 of 18 October 1963, as amended or extended, and the area of the dissolved Management Committee of Reigerpark as defined in Administrator's Notice No. 912 of 4 August 1976, as amended or extended.

### Councillors and Authorized Persons

**4.** (1) The Transitional Local Council of Boksburg comprises 44 Councillors.

(2) The terms of office of the Councillors of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall be terminated on the effective date.

(3) The persons mentioned in Annexure A, and duly nominated in terms of paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993, are hereby apointed as Councillors of the Transitional Local Council of Boksburg.

(4) Any casual vacancy occasioned by death, resignation, termination of office or otherwise of a member of the statutory component arising on the statutory component of the Transitional Local Council of Boksburg, as from the effective date shall be reported to the Member for Housing and Local Government of the Executive Council within thirty days, which vacancy shall, notwithstanding the provisions of sections 20 and 36 of the Municipal Elections Ordinance, 1970 (Ordinance No. 16 of 1970), be filled by the competent authority from the relevant component of the list as contained in Annexure B of additional candidates in order of preference as contemplated in paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993: Provided that in the event of the next relevant person in

## BYLAE

### Instelling van Plaaslike Oorgangsraad

**1.** 'n Plaaslike oorgangsraad, hieronder die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg genoem, word hierby, soos beoog in artikel 7 (1) (b) (i) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Proklamasie (hieronder die effektiewe datum genoem), ingestel, bestaande uit die Stadsraad van Boksburg, die Stadsraad van Vosloorus en die Bestuurskomitee van Reiger Park, welke Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg geag word 'n plaaslike bestuur ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonannasie No. 17 van 1939), te wees.

### Ontbinding van plaaslike owerheidsliggame

**2.** Die Stadsrade van Boksburg en Vosloorus en die Bestuurskomitee van Reiger Park word hierby op die effektiewe datum ontbind.

### Gebied van Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg

**3.** Die gebied van die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg bestaan uit die bestaande regsgebied van die ontbinde Stadsraad van Boksburg, soos omskryf by Proklamasie No. 43 van 2 Oktober 1903, soos gewysig of uitgebrei, die gebied van die ontbinde Stadsraad van Vosloorus soos omskryf by Administrateurskennisgewing No. 1599 van 18 Oktober 1963, soos gewysig of uitgebrei, en die gebied van die ontbinde Bestuurskomitee van Reigerpark soos omskryf by Administrateurskennisgewing No. 912 van 4 Augustus 1976, soos gewysig of uitgebrei.

### Raadslede en Gemagtigde Persone

**4.** (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg bestaan uit 44 Raadslede.

(2) Die ampstermyne van die Raadslede van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld, word op die effektiewe datum beëindig.

(3) Die persone in Aanhangsel A vermeld, wat behoorlik kragtens paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, benoem is, word hierby as Raadslede van die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg aangestel.

(4) Enige toevallige vakature veroorsaak deur dood, bedanking, diensbeëindiging of andersins van 'n lid van die statutêre komponent wat na die effektiewe datum op die statutêre komponent op die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg ontstaan, moet binne dertig dae aan die Lid vir Behuising en Plaaslike Regering van die Uitvoerende Raad gerapporteer word, welke vakature, ondanks die bepalings van artikels 20 en 36 van die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970 (Ordonnansie No. 16 van 1970), deur die bevoegde gesag gevul word deur die volgende persoon uit die lys van die betrokke komponent van bykomende kandidate in orde van voorkeur soos beoog in paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, in Aanhangsel B vervat: Met dien verstande dat indien die volgende persoon in orde van

order of preference refusing such appointment, or as a consequence of the death or illness of such person, or should such person not comply with the qualifications for nomination as a member set out in paragraph 5 (3) of Schedule 1 of the Act, the next person in order of preference as the case may be, shall be appointed unless otherwise decided by the members of the statutory component of the Transitional Local Council.

(5) Any casual vacancy occasioned by death, resignation, termination of office or otherwise of a member of the non-statutory component arising on the Transitional Local Council of Boksburg, as from the effective date, shall be reported to the Member for Housing and Local Government of the Executive Council within thirty days, which vacancy shall, notwithstanding the provisions of sections 20 and 36 of the Municipal Elections Ordinance, 1970 (Ordinance No. 16 of 1970), be filled by the competent authority from the relevant component of the list as contained in Annexure B of additional candidates by a member from the same party in which the vacancy occured in order of preference as contemplated in paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993: Provided that in the event of the next person in order of preference refusing such appointment, or as a consequence of the death or illness of such person, or should such person not comply with the qualifications for nomination as a member as set out in paragraph 5 (3) of Schedule 1 of the Act, the next person in order of preference shall be appointed unless otherwise decided by the members of the non-stautory component of the Transitional Local Council.

**Mayor and Deputy Mayor**

**5.** The Transitional Local Council of Boksburg shall, within seven days as from the effective date, at a special meeting of the Transitional Local Council of Boksburg in the manner prescribed for the election of a Mayor and a Deputy Mayor in sections 16 and 17 respectively of the Local Government Ordinance, 1939, elect a Mayor and a Deputy Mayor from the Councillors mentioned in section 4 (3): Provided that both the Mayor and Deputy Mayor shall not be elected from the same component.

**Allowances of Councillors, Mayor and Deputy Mayor**

**6.** (1) All the Councillors shall, as from the effective date, receive the same allowances as the allowances paid to Councillors of a grade 11 local authority.

(2) The Mayor and the Deputy Mayor shall, as from the effective date, receive the same allowances as the allowances paid to the Mayor and Deputy Mayor of a grade 11 local authority.

voorkeur sodanige aanstelling weier of as gevolg van dood of siekte van sodanige persoon of sou sodanige persoon nie aan die vereistes vir benoeming as 'n lid voldoen soos uiteengesit in paragraaf 5 (3) van Bylae 1 van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, nie, die volgende persoon in orde van voorkeur aangestel word tensy anders deur die lede van die statutêre komponent van die Plaaslike Oorgangsraad besluit word.

(5) Enige toevallige vakature, veroorsaak deur dood, bedanking, diensbeëindiging of andersins van 'n lid van die nie-statutêre komponent wat na die effektiewe datum op die nie-statutêre komponent op die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg ontstaan, moet binne dertig dae aan die Lid vir Behuising en Plaaslike Regering van die Uitvoerende Raad gerapporteer word, welke vakature, ondanks die bepalings van artikels 20 en 36 van die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970 (Ordonnansie No. 16 van 1970), deur die bevoegde gesag gevul deur 'n lid van dieselfde party waarin die vakature ontstaan het uit die lys van bykomende kandidate in orde van voorkeur soos beoog in paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, in Aanhangsel B vervat: Met dien verstande dat indien die volgende persoon in orde van voorkeur sodanige aanstelling weier of as gevolg van dood of siekte van sodanige persoon of as sodanige persoon nie aan die vereistes vir benoeming as 'n lid voldoen soos uiteengesit in paragraaf 5 (3) van Bylae 1 van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, nie, die volgende persoon in orde van voorkeur, aangestel word tensy anders deur die lede van die nie-statutêre komponent van die Plaaslike Oorgangsraad besluit word.

**Burgemeester en Onderburgemeester**

**5.** Die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg verkies, binne sewe dae vanaf die effektiewe datum op 'n spesiale vergadering van die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg, 'n Burgemeester en 'n Onderburgemeester uit die Raadslede in artikel 4 (3) vermeld op die wyse voorgeskryf vir die verkiesing van 'n Burgemeester en Onderburgemeester by artikels 16 en 17 onderskeidelik van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939: Met dien verstande dat beide die Burgemeester en Onderburgemeester nie vanuit dieselfde komponent verkies word nie.

**Toelaes van Raadslede, Burgemeester en Onderburgemeester**

**6.** (1) Al die Raadslede ontvang vanaf die effektiewe datum dieselfde toelaes as wat aan Raadselede van 'n graad 11 plaaslike owerheid betaal word.

(2) Die Burgemeester en die Onderburgemeester ontvang vanaf die effektiewe datum dieselfde toelaes as wat aan die Burgemeester en Onderburgemeester van 'n graad 11 plaaslike owerheid betaal word.

**Executive Committee**

7. (1) The Transitional Local Council of Boksburg shall, within seven days as from the effective date, notwithstanding the provisions of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance No. 40 of 1960), in terms of the provisions of section 16 (6) of the Local Government Transition Act, 1993, elect from its members an Executive Committee.

(2) The Transitional Local Council of Boksburg shall elect one member of the Executive Committee as Chairperson and one member as Vice-chairperson of the Executive Committee: Provided that both the Chairperson and the Vice-chairperson shall not be elected from the same component.

(3) The provisions of sections 1 and 55 to 61 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, shall, for the purposes of this Proclamation, be applicable *mutatis mutandis* to the Executive Committee contemplated in subsection (1).

**Transfer of assets, liabilities, rights, obligations and successor-in-law**

8. All assets, liabilities, rights and obligations of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall, as from the effective date and subject to the provisions of subsection (3), be transferred to the Transitional Local Council of Boksburg.

(2) The Transitional Local Council of Boksburg shall for the purposes of this Proclamation, as from the effective date and subject to the provisions of subsection (3), be deemed to be the successor-in-law of the dissolved local government bodies concerned.

(3) Any liability, debt or obligation which has been incurred by the dissolved black local government body mentioned in section 2, namely the dissolved City Council of Vosloorus, up to and including the day preceeding the effective date, other than a liability, debt or obligation which has been incurred in respect of any infrastructure that generates revenue or infrastructure which is or can be utilised by the Transitional Local Council of Boksburg, shall devolve upon the Transitional Local Council of Boksburg subject to the right of the national government to assume such liabilities, debts or obligations in terms of assurances made by the national government that no transitional council will inherige any external debts of the said black local government body up to the effective date.

**By-laws, regulations, statutory notices, resolutions and delegations**

9. Subject to the provisions of this Proclamation, all by-laws, regulations, statutory notices, resolutions and delegations of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 which immediately before the effective date were in force in any area of the said

**Uitvoerende Komitee**

7. (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg verkies binne sewe dae vanaf die effektiewe datum, ondanks die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie No. 40 van 1960), ingevolge artikel 16 (6) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, uit sy lede 'n Uitvoerende Komitee.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg verkies een lid van die Uitvoerende Komitee as Voorsitter en een lid as Ondervoositter van die Uitvoerende Komitee: Met dien verstande dat beide die Voorsitter en Ondervoorsitter nie vanuit dieselfde komponent verkies word nie.

(3) Die bepalings van artikels 1 en 55 tot 61 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, is, by die toepassing van hierdie Proklamasie, *mutatis mutandis* op die Uitvoerende Komitee in subartikel (1) bedoel van toepassing.

**Oordra van bates, laste, regte, verpligtinge en regsopvolger**

8. Alle bates, laste, regte en verpligtinge van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld word vanaf die effektiewe datum, en behoudens die bepalings van subartikel (3), aan die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg oorgedra.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg word vanaf die effektiewe datum, en behoudens die bepalings van subartikel (3), vir die doeleindes van hierdie Proklamasie geag die regsopvolger van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld te wees.

(3) Enige las, skuld of verpligting wat deur die ontbinde swart plaaslike owerheidsliggaam vermeld in artikel 2, naamlik die Stadsraad van Vosloorus, aangegaan is tot op en insluitend die dag wat die effektiewe datum voorafgaan, behalwe 'n las, skuld of verpligting wat aangegaan is ten opsigte van enige infrastruktuur wat inkomste genereer of infrastruktuur wat deur die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg aangewend word of kan word, gaan op die Plaaslike oorgangsraad van Boksburg oor onderhewig aan die reg van die nasionale regering om diesulke laste, skuld of verpligtinge te aanvaar kragtens versekerings gemaak deur die nasionale regering dat geen oorgangsraad enige eksterne skulde van die genoemde swart plaaslike owerheidsliggaam tot op die effektiewe datum sal erf nie.

**Verordeninge, regulasies, wetlike kennisgewings, besluite en delegasies**

9. Behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie bly alle verordeninge, regulasies, statutêre kennisgewings, besluite en delegasies van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame vermeld in artikel 2 wat onmiddellik voor die effektiewe datum van krag was in

dissolved local government bodies, shall continue in force in such area, subject to any repeal or amendment of such by-laws, regulations, statutory notices, resolutions and delegations by the Transitional Local Council of Boksburg.

**Budget**

**10.** The 1994/95-budget of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall, notwithstanding the provisions of section 58 of the Local Government Ordinance, 1939, be deemed to be the 1994/95-budget of the Transitional Local Council of Boksburg until a single consolidated budget is approved: Provided that the management and administration of the budget shall be in accordance with the directives as contemplated in the Standard Financial by-laws applicable to the dissolved City Council of Boksburg.

**Representation on Regional Services Council**

**11.** Representation of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 before the effective date in terms of the Regional Services Councils Act, 1985 (Act No. 109 of 1985), on the East Rand Regional Services Council, shall be terminated on the effective date.

**Authorized local authority**

**12.** (1) The Transitional Local Council of Boksburg shall, under section 2 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), as from the effective date, be an authorized local authority for the purposes of Chapters II, III and IV of the said Ordinance.

(2) The Transitional Local Council of Boksburg shall, under section 3 of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance No. 20 of 1986), as from the effective date, be an authorized local authority for the purposes of Chapter IV of the said Ordinance.

**Local authority contemplated in Sixth Schedule to Local Government Ordinance, 1939**

**13.** The Transitional Local Council of Boksburg is hereby, as from the effective date, deemed to be a local authority as contemplated in Part I of the Sixth Schedule to the Local Government Ordinance, 1939.

**Integration of Local Government Bodies and incorporation of employees and officers into administration of Transitional Local Council of Boksburg**

**14.** (1) An interim integrated organisational structure for an Office of the Chief Executive Officer/Town Clerk and 11 Departments for the Transitional Local Council of Boksburg in respect of the post of Chief Executive Officer/Town Clerk, the Departments and the posts of Departmental Heads is hereby established as contemplated in Annexure C.

enige gebied van die gemelde ontbinde plaaslike owerheidsliggame, van krag in daardie gebied, behoudens enige herroeping of wysiging van sodanige verordeninge, regulasies, statutêre kennisgewings, besluite en delegasies deur die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg.

**Begroting**

**10.** Die 1994/95-begroting van die plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld word, ondanks die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, geag die 1994/95-begroting van die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg te wees, totdat 'n enkele gesamentlike begroting goedgekeur word: Met dien verstande dat die bestuur en administrasie van die begroting in ooreenstemming is met die voorskrifte soos beoog in die Standaard Finansiële verordeninge van toepassing op die Stadsraad van Boksburg.

**Verteenwoordiging op Streeksdiensteraad**

**11.** Verteenwoordiging wat die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld kragtens die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet No. 109 van 1985), voor die effektiewe datum op die Oos-Rand Streeksdiensteraad gehad het, word op die effektiewe datum beëindig.

**Gemagtigde plaaslike bestuur**

**12.** (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg word, kragtens artikel 2 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), vanaf die effektiewe datum geag 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstukke II, III en IV van genoemde Ordonnansie te wees.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg word, kragtens artikel 3 van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie No. 20 van 1986), vanaf die effektiewe datum geag 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstuk IV van genoemde Ordonnansie te wees.

**Plaaslike bestuur in Sesde Bylae by Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bedoel**

**13.** Die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg word hierby, vanaf die effektiewe datum, geag 'n plaaslike bestuur soos bedoel in Deel I van die Sesde Bylae by die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, te wees.

**Integrasie van Plaaslike Owerheidsliggame en inlywing van werknemers en beamptes in administrasie van Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg**

**14.** (1) 'n Interim geïntegreerde organisatoriese struktuur vir 'n Kantoor van die Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk en 11 Departemente vir die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg met betrekking tot die amp van Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk, die Departemente en die ampte van Departementshoofde word hierby ingestel soos vermeld in Aanhangsel C.

(2) The Departmental Heads mentioned in subsection (1) shall, for the purposes of this Proclamation, be deemed to be the Departmental Heads as contemplated in section 65 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, and shall for the purposes of this Proclamation perform all functions, powers and duties of a Departmental head in terms of all laws applicable to a local government body.

(3) The Departments mentioned in subsection (1) shall, as from the effective date, for the purposes of this Proclamation, be deemed to be integrated as contemplated in Annexure D.

(4) A permanent organisational structure for the Transitional Local Council of Boksburg shall be compiled in terms of a functional analysis by the said Transitional Local Council after the effective date, which organisational structure shall be completed within a reasonable period as determined by the Transitional Local Council of Boksburg and as negotiated with all relevant trade unions and works councils.

**Chief Executive Officer/Town Clerk for interim integrated orginisational structure**

**15.** (1) A Chief Executive Officer/Town Clerk for the interim integrated organisational structure as contemplated in section 14 is hereby instituted for the Transitional Local Council of Boksburg, and upon the effective date, subject to the provisions of the Renumeration of Town Clerks Act, 1984 (Act No. 115 of 1984), the said Chief Executive Officer/Town Clerk shall be deemed to be Chief Executive Officer/Town Clerk of the Transitional Local Council of Boksburg as contemplated in section 62 of the Local Government Ordinance, 1939.

(2) The Chief Executive Officer/Town Clerk mentioned in subsection (1) shall, for the purposes of this Proclamation perform all the functions, powers and duties assigned to a Chief Executive Officer/Town Clerk in terms of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, the Municipal Elections Ordinance, 1970, or any other law, by-law or resolution of the dissolved local government bodies mentioned in section 2.

**Incorporation of Chief Executive Officers/ Town Clerks into interim integrated organisational structure**

**16.** (1) The Chief Executive Officer/Town Clerk of the dissolved City Council of Boksburg shall, subject to negotiations, be incorporated in the *interim* integrated post of Chief Executive Officer/Town Clerk mentioned in section 15 (1) on the following conditions:

(a) Retention of his or her present salary, fringe benefits and conditions of service until a permanent organisational structure for the Transitional Local Council of Boksburg as contemplated in section 14 (4) has been established; and

(2) Die Departementshoofde in subartikel (1) vermeld word by die toepassing van hierdie Proklamasie geag die Departementshoofde soos bedoel in artikel 65 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, te wees en verrig by die toepassing van hierdie Proklamasie alle funksies, bevoegdhede en pligte van 'n Departementshoof ingevolge alle wette van toepassing op 'n plaaslike owerheidsliggaam.

(3) Die Departemente in subartikel (1) vermeld word, vanaf die effektiewe datum, by die toepassing van hierdie Proklamasie geag geïntegreer te wees soos bedoel in Aanhangsel D.

(4) 'n Permanente organisatoriese struktuur vir die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg word saamgestel ingevolge 'n funksionele ontleding deur genoemde Plaaslike Oorgangsraad na die effektiewe datum, welke organisatoriese struktuur binne 'n redelike tydperk voltooi moet word soos vasgestel deur die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg en soos onderhandel met alle betrokke vakbonde en werkerade.

**Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk vir interim geïntegreerde organisatoriese struktuur**

**15.** (1) 'n Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk vir die interim geïntegreerde organisatoriese struktuur soos bedoel in artikel 14 word hierby ingestel vir die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg, en op die effektiewe datum, behoudens die bepalings van die Wet op Besoldiging van Stadsklerke, 1984 (Wet No. 115 van 1984), word genoemde Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk geag die Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk van die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg, soos bedoel in art. 62 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, te wees.

(2) Die Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk genoem in subartikel (1), verrig vir die doeleindes van hierdie Proklamasie alle funksies, bevoegdhede en pligte toegewys aan 'n Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970, of enige ander Wet, verordening of besluit van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld.

**Inlywing van Hoof Uitvoerende Beamptes/ Stadsklerke in interim geïntegreerde organisatoriese struktuur**

**16.** (1) Die Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk van die ontbinde Stadsraad van Boksburg word onderhewig aan onderhandelinge ingelyf in die interim geïntegreerde amp van Hoof Uitvoerende Beampte/Stadsklerk in artikel 15 (1) vermeld op die volgende voorwaardes:

(a) Met behoud van sy of haar huidige salaris, byvoordele en diensvoorwaardes totdat 'n permanente organisatoriese struktuur vir die Plaaslike Oorgangsraad van Boksburg soos bedoel in artikel 14 (4) ingestel is; en

(b) to manage the affairs of the Transitional Local Council of Boksburg in accordance with the functions and powers delegated by the Transitional Local Council of Boksburg until a permanent organisational structure for the Transitional Local Council of Boksburg as contemplated in section 14 (4) has been established.

(2) The Chief Executive Officer/Town Clerk of the dissolved City Council of Vosloorus shall, subject to negotiations, be incorporated, for the *interim*, in an advisory capacity in the Office of the Chief Executive Officer/Town Clerk as contemplated in section 14 (1), subject to the following conditions:

(a) Retention of his or her present salary, fringe benefits and conditions of service until a permanent organisational structure for the Transitional Local Council of Boksburg as contemplated in section 14 (4) has been established; and

(b) together with the Chief Executive Officer/Town Clerk mentioned in section 15 (1) to attend the meetings of the Executive Committee and the Transitional Local Council of Boksburg until a permanent organisational structure for the Transitional Local Council of Boksburg as contemplated in section 14 (4) has been established.

**Incorporation of Departmental Heads into interim integrated organisational structure**

